

TEMA: Is ons geloofsvlerke sterk genoeg?

SKRIFLESING: Deteronomium 32:1-12, 44-47

TEKS: Deut 32:11,12 en 45-47

*11. Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei; daar was nie 'n ander god by Hom nie.*

*45. Toe Moses hiermee klaar was, het hy vir al die Israëliete gesê: “Neem al die woorde waarmee ek julle vandag vermaan het, ter harte. Julle moet julle kinders beveel om dit te gehoorsaam en te lewe volgens hierdie hele wet.*

Vanuit hierdie kragtige gedeelte in die Bybel kan ons 3 hooflyne deurtrek.

1. Verse 11 en 12 gee die pragtige metafoor van die volwasse arend, wat sy kuikens op die regte tyd uit die nes skop sodat hulle kan leer vlieg. Al is die uitskop en teen die kranse aftuimel 'n onaangename krisis vir die kuiken, is die uitkoms daarvan liefdevol want die parend sal nie toelaat dat die kuikens hulle doodval nie. Let op die liefdevolle woorde na “uitskop” in die teks. “fladder”, “vang” en “dra”.

Dit is wat ons hemelse Vader met ons doen in alle beproewings wanneer ons voel ons tuimel teen die kranse af in ons lewens. Hy is die liefdevolle Vader wat weet wat ons omstandighede is en juis deur besturings, wonderwerke en ander mense se hulp en ondersteuning ons dra en versterk. “God never waiste a hurt.”

2. Dit bring ons by die volgende punt, nl. Dat ons ook as kinders, altyd soos die kuikens voortderend groei en volwasse word in ons geloof. Al word ons hoe oud, ons sal kinders bly wat deur pyne van beproewings heen leer en groei. Ons sal nooit teenoor God “volwasse” word nie. Dit bereik ons in die ewige heerlikheid na hierdie lewe. Daarom moet ons alle geleenthede om geestelik te groei met alles in ons aangryp en ons eie maak. Elke erediens, Bybelstudie (Believe kursus), persoonlike godsdiens, gebedsgeleenthede, ens. is groeigeleenthede in die geloof.

3. Dan vervolgens, wanneer ons in ons geloof, met die krag van die Gees self kan vlieg, moet ons al hierdie dinge van God en sy werke aan ons kinders en kleinkinders oordra. So ook aan elke mens wat nog 'n kind in die geloof is, wat die Here op ons pad stuur.

Vers 45 plaas die totale Christelike opvoeding in perspektief. Met die waarheid, dissipline en tug moet ons, ons kinders lei tot geestelike volwassenheid, tot hulle ook self kan vlieg. Die volwassenheid lê nie in ouderdom nie, maar aan gehoorsaamheid aan ouers en

---

daardeur aan God. Dit is wanneer hulle self hul verhouding met ons Vader besef, bou en beskerm in 'n gehoorsame en Godvrugtige lewe. Hierdie begeleiding vind deur eie leer en kategetiese plaas tot hulle eendag belydenis van hul geloof aflê.

Al is die dissipline wat met die woord “nee” bestuur word nie vir die kinders lekker is nie, sal hul mettertyd dankbaar wees dat ook hulle geleer het om self te vlieg, net soos die arendskuikens.

Laastens.

Mag God as Heilige Gees ons die werklike erns hiervan laat besef, volgens vers 47.

*Dit is nie 'n geringe saak vir julle nie, dit is die lewe vir julle, en deur hierdie gebod te onderhou, sal julle julle verblyf verleng in die land wat julle in besit sal neem wanneer julle die Jordaan deurtrek.”*

---